# VERKLARING INSAKE „'N AFRIKAANSE BYBEL-VERKLARING."

In die Kerkbode van 2 Febr. 1944 het 'n kennisgewing verskyn onderteken deur Professore S. du Toit van die Gereformeerde Kerk en E. P. Groenewald en J. H. Kritzinger van die Verenigde Kerk, waarin die uitgawe van 'n Afrikaanse Bybelverklaring aangekondig word.

Om moontlike misverstand en onjuiste voorstellings aangaande die feit dat die vernaamste eksegetiese kragte van die Ned. Hervormde Kerk aan hierdie onderneming nie deelneem nie te voorkom, voel ondergetekendes hulle genoodsaak om die volgende verklaring uit te reik.

In besprekings en korrespondensie wat ongeveer 'n vol jaar in beslag geneem het, het dit vir ons duidelik geword dat ons nie kon saamwerk nie, en wel om die volgende redes:

Ten eerste is wel die indruk gegee dat dit die bedoeling was om die Bybelverklaring so verteenwoordigend as moontlik te maak van die eksegetiese kragte van die drie Afrikaans sprekende Kerke, maar ons kon hiermee nie rym nie dat die uitgewer, Mnr. J. L. van Schaik, van die begin af net alleen aan 'n professor van die Gereformeerde Kerk en van die Verenigde Kerk as redaksielede die saak in hande gegee het en hulle die vrye hand gelaat het sowel in die opstel van die grondslag en metode van die Bybelverklaring as in die uitnooi van medewerkers en die toewys van 'n aansienlike getal van die Bybelboeke. Ook het die uitgewer en die twee redakteure reeds 'n kontrak gesluit oor die besigheidskant van die saak. Dit was dus van die begin af duidelik dat onder samewerking alleen verstaan is dat die Hervormde medewerkers kon inkom nadat grondslag, metode en besigheids-aspek reeds vasgelê was. Sowel die uitgewer as die twee redakteure het dus van die staanspoor af samewerking van Hervormde kant bemoeilik en ons het baie oor die hoof moet sien in ons pogings om nogtans tot 'n ooreenkoms te geraak.

Ten tweede het die voorgestelde grondslag van die Bybelverklaring ons voorgekom in stryd te wees met die reformatoriese standpunt. In die omsendbrief wat die grondslag en doel uiteenset, is verklaar dat die Bybelverklaring sal moet „gebore wees uit die Gereformeerde godsdienstige oortuigings van die volk," dat dit sal moet gee „'n uiteensetting van die Gereformeerde verklaring van die Skrif"; dit sal „van buitengewoon groot belang wees vir die uitbou van die Gereformeerde Teologie op Suid-Afrikaanse bodem" en die grondslag sal wees „die Gereformeerde Skrifverklaring." In hierdie beleidsverklaring word die Skrif en Skrifverklaring diensbaar gemaak

aan 'n bepaalde Skrifbeskouing, met ander woorde Gods Woord aan menslike beskouings oor Gods Woord; selfs is die Skrifverklaring hier verlaag tot 'n propagandamiddel vir 'n bepaalde beskouing oor die Skrif. Die Woord van God wat volgens die Apostel „nie gebonde is nie" (II Tim. 2:9) word hier aan menslike opvattings gebind en by aanvaarding van hierdie grondslag sou ons die verwyt van Calvyn aan „die Papiste" dat hulle aan hulle Kerkvergaderings die hoogste mag van die uitlegging van die Skrif toeskrywe (sien sy uitlegging op II Petr. 1:20), tref. Na ons oortuiging moet die Skrif sy eie uitlegger wees deur die getuienis van die Heilige Gees in die harte van die gelowiges. Waar kry ons die reg om Woord en Gees te bind aan menings van konsilies of sinodes of „Gereformeerde" dan wel ongereformeerde belydenisskrifte? Daar kon dan ook na ons mening geen sprake wees van 'n grondslag van die Bybelverklaring nie, maar alleen van 'n grondslag van samewerking vir die Bybelverklaring.

Die derde rede wat die samewerking bemoeilik het was die wantroue wat by die twee redakteure openbaar geword het aangaande die trou van die Ned. Hervormde Kerk aan sy belydenis en die trou van sy ampsdraers aan die ondertekening van die belydenis van hulle Kerk. Op eg Kuyperiaanse, Neocalvinistiese wyse het hulle uit die verskillende Kerke medewerkers wil versamel rondom die belydenisskrifte in pleks van te erken dat die drie Kerke dieselfde belydenisskrifte *het* en elke ampsdraer van die Kerke die belydenis by sy ampsaanvaarding onderteken het. In pleks van, soos ons voorgestel het, op die basis van vertroue, 'n vertroue op feite gebaseer, te werk, het hulle uitdruklik van die medewerkers gevra: „die handhawing van gesag van die Bybel as die onfeilbare Woord van God ooreenkomstig die drie formuliere van enigheid met besondere beklemtoning van artikels 3—7 van die Nederlandsche Geloofsbelydenis." Ons het gemeen dat alleen die Kerk van sy lede en ampsdraers 'n verklaring of 'n vernuwing van instemming met die belydenis mag vra, maar dat 'n redaksiekommissie daartoe geensins die reg het nie.

Die wantroue het ook tot uiting gekom in die eis dat nie — soos ons voorgestel het — elke medewerker self in wetenskaplike en leerstellige opsig verantwoordelik sal wees vir sy aandeel in die Bybelverklaring, terwyl die redaksie alleen teen eksesse moes waak nie, maar dat geen manuskrip aanvaar sal word sonder dat die redaksielede eenstemmig is oor die opname en dat die redaksie die verantwoordelikheid sal dra vir die wetenskaplike en leerstellige gehalte. Hierdie eis het, na ons mening, enersyds 'n te groot wetenskaplike en leerstellige verantwoordelikheid op die redaksie gelê, andersyds die medewerkers, waaronder eksegete van ondervinding en gesag, in 'n onwaardige posisie van afhankelikheid en sensuur geplaas.

Ons het al die korrespondensie en verslae van die onderhandelings

voorgelê aan die Algemene Kommissie van ons Kerk, wat die saak verwys het na die vier Professore in die Teologie van ons Kerk, wat 'n uitvoerige rapport uitgebring het aan die Algemene Kommissie, waarop die Algemene Kommissie sy heelhartige goedkeuring geheg het aan die eksegetiese en kerkregterlike beginsels wat ons voorgestaan het en aan ons wyse van optrede in hierdie saak.

Dit doen ons innig leed dat die voorgestelde Bybelverklaring, wat die beste kragte van die Afrikaanse Kerke aan hom kon verbind het en so 'n waarlik nasionale karakter kon gedra het, nou 'n seksionele karakter gaan dra. As van die begin af waaragtige samewerking gesoek was en ons nie voor voldonge feite geplaas was nie, as daar meer vertroue in en erkenning van die opregtheid van die belyde van ons Kerk en sy ampsdraers betoon was, as daar minder van die letter wat doodmaak as van die Gees wat lewend maak verwag was, sou daar iets moois en groots en waardevols tot stand kon gekom het. Nou is ons deur die regte eerbied vir die Woord van God, die eg reformatoriese standpunt insake die verhouding van Skrif, Kerk en Belydenis, die selfrespek van die Kerk insake sy trou aan die belydenis en van sy ampsdraers insake die opregtheid van hulle ondertekening daarvan, asook deur die eis van 'n vrye, gesonde ontwikkeling van die wetenskaplike Skrifondersoek en Bybelverklaring, deur al hierdie vyf belangrike beginsels verbied om voor die wil van die redaksielede te buig. Ons staan liewer in die vryheid waarmee Christus ons vry gemaak het as om ons onder die juk van diensbaarheid aan menslike insettings te laat bring; ons is oortuig dat die Waarheid groot is en sal oorwin en dat die Woord van God nie een van die staketsels waarmee mensewysheid en menseoormoed meen om dit te moet steun en handhaaf, nodig het nie, ja dat dit hulle almal te skande sal maak.

J. H. GREYVENSTEIN,

Professor in die Nieutestamentiese Wetenskap vanweë die Ned. Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria.

B. GEMSER,

Professor in die Outestamentiese Wetenskap vanweë die Ned. Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria.

Pretoria, 7 Maart 1944.